sapapers.co.za

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2013

# VISUELE KUNSTE V1

**PUNTE:** **100**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Daar is AGT vrae in hierdie vraestel.

2. Beantwoord VYF vrae van jou keuse.

3. Lees die vrae versigtig.

4. Antwoord in volsinne en gebruik paragrawe. MOET NIE PUNT-VIR-PUNT skryf nie.

5. Gebruik die puntetoekenning om te bepaal hoeveel tyd aan elke vraag gewy moet word. Elke vraag behoort ongeveer 35 minute te neem.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. In hierdie eksamen sal van jou verwag word om die volgende te demonstreer:

   - Die gebruik van korrekte terminologie
   - Die gebruik van visuele analise en kritiese denke
   - Skryf- en navorsingsvaardighede binne ŉ geskiedkundige en kulturele verband
   - Die plasing van voorbeelde binne ŉ sosiale en geskiedkundige verband
   - ŉ Begrip van bepaalde kunsstyle
   - Die identifisering van die professionele praktyk van plaaslike kunstenaars

## WOORDELYS

**Analise:** ŉ Uitvoerige en logiese bespreking van die formele elemente (soos lyn, kleur, toon, formaat, ens.) en komposisie van die werk, met insigryke opmerkings oor waarom en hoe dit slaag.

**Vergelyk:** Wys sin vir sin die verskille en ooreenkomste uit in ŉ geordende wyse binne dieselfde argument.

**Bespreek:** Bied jou sienswyse aan en verskaf redes vir jou stellings.

**Verduidelik:** Verklaar en verskaf redes vir jou stellings.

**Interpreteer:** Verskaf ŉ ingeligte opinie, ondersteun deur voorbeelde.

**Vermeld:** Sê direk wat jy dink – gee jou opinie sowel as ŉ verduideliking.

**Evalueer:** Lig die RELEVANTE positiewe, negatiewe, elemente en beginsels van die werk uit en verskaf ŉ mate van evaluerende kommentaar oor waarom en hoe dit slaag al dan nie, binne die breër prentjie van kunsgeskiedenis in die algemeen, d.w.s. jy moet in staat wees om die groter prentjie van die kunswêreld te sien, om in staat te wees om evaluerende kommentaar te lewer.

## VRAAG 1: OORSIG VAN DIE 19DE EEU

1.1 Verwys na FIGUUR 1a en 1b.

Definieer elkeen van die style van die twee werke, met 'n rede vir elk as verduideliking van die bepaalde style. (4)

1.2 Skryf 'n vergelyking tussen dieselfde twee werke, met die volgende opskrifte as gidslyne:

- Onderwerpmateriaal en hoe dit tipies mag wees van hierdie eeu
- Komposisionele plasings en die effek hiervan op 'n kyker
- 'n Sosiale of politieke boodskap en hoe dit oorgedra is (6)

1.3 Verwys na FIGUUR 1c. Beskryf op watter wyses hierdie moderne werk dieselfde of verskillende stylistiese kenmerke het teenoor die werke in die 1800's gedoen. (2)

1.4 Kies enige EEN kunstenaar wat jy bestudeer het van die 19de eeu, (d.w.s. 1800's) en skryf 'n opstel van een tot een en 'n halwe bladsye oor EEN of TWEE werke van hierdie kunstenaar. Skenk aandag aan benamings van werk/e, onderwerpmateriaal en hoe dit 'n boodskap weerspieël wat relevant is tot die 19de eeu. Bespreek noemenswaardige kunselemente in die werk/e, met vermelding van wat dit bydra tot die werk. Evalueer die werk in die lig van hoe dit die gang van kuns geraak en beïnvloed het. (8)


**[20]**



FIGUUR 1a: Jacques Louis David, ***Napoleon kruis die St Bernardpas,*** olieverf, 1801.



FIGUUR 1b: Jean Francois Millet, ***Die Maaiers***, olieverf, 1857.



FIGUUR 1c: Paul Emslie, ***Mandela***, conte kryt op papier, 1987.

## VRAAG 2: GEBOORTE VAN MODERNISME

2.1 Met verwysing na FIGUUR 2a as stawing, verduidelik waarom hierdie werk van Seurat 'n radikale breek van realisme en tradisionalisme van die 19de eeu toon. (3)

2.2 Verwys na FIGUUR 2b. Analiseer hierdie werk as 'n Impressionistiese stuk. Verwys na minstens DRIE skulpturele elemente, met helder verduideliking oor hoe elkeen tot die algehele werk bydra. (6)

2.3 Verwys na FIGUUR 2c en 2d EN enige TWEE ander werke van die Modernistiese Periode van kunsgeskiedenis. Skryf nou 'n opstel van TWEE bladsye waarin jy die volgende bespreek en evalueer:

- Onderwerpmateriaal en die boodskappe wat hulle oordra in elk van die vier werke
- Die gebruik van kleur en lyn en hoe dit 'n nuwe benadering tot kuns weergee (11)

**[20]**




FIGUUR 2a: Georges Seurat, ***Jong vrou*** *wat* ***haarself poeier****,* olieverf, 1890.



FIGUUR 2b: Rodin, ***Burghers of Calais***, Brons, 1889.



FIGUUR 2c: Renoir, ***Die Sambrele,*** 1884.



FIGUUR 2d: Van Gogh, ***Selfportret, besonderhede.***

## VRAAG 3: VROEË 20STE EEU

Die sosiale en politieke veranderinge in die vroeë jare van die 1900's, het tot die opkoms van 'n ongekende aantal kunsbewegings en kunstenaars gelei, almal gretig om 'n verandering na toenemende abstraksie weer te gee, 'n toename in verwringing van vorm en 'n begeerte om die lewe te reflekteer met 'n "nuwe waarheid".

3.1 Verwys na FIGUUR 3a en FIGUUR 3b.
Verduidelik hoe die kwasmerke en aanwending van verf in hierdie twee werke, die nuwe wyse van reaksie tot die wêreld reflekteer. (4)


3.2 Verwys na FIGUUR 3c. Lewer analitiese kommentaar op die komposisionele rangskikking van hierdie werk, met duidelike aanduiding hoe vorms en plasings 'n boodskap weergee. (4)

3.3 Dui aan tot watter fase van Kubisme FIGUUR 3d behoort en staaf jou antwoord deur te verwys na spesifieke aspekte in die werk. (3)


3.4 Skryf 'n opstel van minstens een en 'n halwe bladsye, oor TWEE of meer werke wat jy bestudeer het in hierdie module. Jy mag FIGUUR 3e as een van die werke gebruik, maar jy hoef nie daarna te verwys nie.
Skenk aandag aan die volgende:

- Watter geskiedkundige of sosiale gebeure die werke geïnspireer het
- Die ooglopende elemente van kuns in die werke en hoe dit Modernisme reflekteer
- Onderwerpmateriaal en boodskappe (9)


**[20]**



FIGUUR 3a: Matisse, ***Oop Venster,*** olieverf, 1905.



FIGUUR 3b: Kirchner, ***Straattoneel Berlyn,*** olieverf, 1913.



FIGUUR 3c: Kandinsky, ***Komposisie V,*** 1911.



FIGUUR 3d: Picasso, ***Meisie met Mandolien,*** olieverf, 1910.



FIGUUR 3e: Boccioni, ***Unieke vorms van kontinuïteit in ruimte***, 1913.

## VRAAG 4: ARGITEKTUUR

Die moderne argitek moet soveel meer doen as om mure en kamers te ontwerp. Hy of sy moet nou argitektuur ontwerp wat die gees en behoeftes van die tyd toon soos nooit vantevore nie.

4.1 Verwys na FIGUUR 4a en 4b. Vergelyk hierdie twee geboue in 'n bondige opstel. Gebruik die punte om jou met jou beplanning te help:

- Vernaamste vorms en die estetiese kwaliteit daarvan
- Materiale en hoe dit met die natuur inskakel of nie (5)

4.2 Verwys na FIGUUR 4c en 4d. Antonio Gaudi was 'n innoverende argitek vir sy tyd. Beskryf hierdie gebou en bespreek die kenmerke wat dit in sy genre van argitektuur plaas. (4)

4.3 Verwys na FIGUUR 4e en 4f.
Kies OF 4e OF 4f en bespreek hierdie gebou in terme van die verbreking van die bande van tradisionalisme. (4)


4.4 Kies EEN gebou wat jy bestudeer het en evalueer hierdie struktuur met verwysing na die volgende kriteria:

- Naam van gebou en die argitek
- Doel van die gebou
- Vername ontwerp vorme van die gebou
- Materiale gebruik en hoe dit die nuwe omgewingsvriendelike neiging in argitektuur toon (of nie) (7)

**[20]**



FIGUUR 4a: Tom Wright, ***Burj al Arab Hotel,*** Dubai, 1999.



FIGUUR 4b: FL Wright, ***Kauffmann House***, Pennsylvania, VSA.



FIGUUR 4c: Antonio Gaudi, ***Casa Battlo***, Barcelona, Spanje, 1907.



FIGUUR 4d: ***Besonderhede van Casa Battlo.***



FIGUUR 4e: Toyo Ito. **Serpentyn Galery**, Kensington Tuine, Londen, 2002.



FIGUUR 4f: Helmut Jahn, **Die Diamant Gebou**, Johannesburg, 1983.

## VRAAG 5: TUSSEN DIE WÊRELDOORLOË

5.1 Verwys na FIGUUR 5a, 5b en 5c.

"Die tydperk tussen die twee wêreldoorloë het baie industriële uitbreiding gesien, baie sosiale beroeringe en tegnologiese vooruitgang. Dit was ook die tyd van nuwe ontdekkings oor sielkunde en die individu."

Skryf 'n opstel met verwysing na die bogenoemde aanhaling oor kuns tussen die oorloë. Jy moet die drie werke gebruik wat vir hierdie vraag geïllustreer is en jy mag nie na meer as nog DRIE ander werke verwys van jou studies van hierdie jaar nie.


Moet NIE werke van enige ander vraag op hierdie vraestel kies, as die bogenoemde drie werke NIE. **[20]**

**Woordelys**

**Sielkunde:** 'n Studie van hoe die verstand/brein werk, veral hoe die onder-bewussyn werk. Sielkunde word deur mediese dokters, wat verstandelik ongesteldhede behandel, besigheidsleiers wat hul werkers moet verstaan en wat hulle gelukkig maak, en enige iemand wat sy medemens wil verstaan.



FIGUUR 5a: Jean Miro, ***Harlekyn se Karnival.***



FIGUUR 5b: Rene Magritte. ***Die Dreigende Sluipmoordenaar.***



FIGUUR 5c: Alexis Preller, ***Simbole op 'n Strand***, olieverf, 1952.

## VRAAG 6: OORSIG VAN POST-1946

6.1 Skryf 'n **oorsig** deur in besonderhede te verwys na enige drie of meer van die geïllustreerde werke vir VRAAG 6, oor hoe kuns verander het na die Tweede Wêreldoorlog. Skenk aandag aan die volgende:

- Nuwe bewegings en wat aanleiding gegee het tot die opkoms van hierdie bewegings
- Die stylkenmerke van minstens drie nuwe rigtings in kuns van post-1946
- Kommentaar oor hoe die algemene onderwerpmateriaal nuwe rigtings ingeslaan het en die boodskappe hiervan oor die wêreld in die tyd. (12)

6.2 Kies EEN werk wat volgens jou mening 'n dapper en moderne weergawe van die wêreld van die post-1946 era weerspieël. (Moet NIE 'n werk kies op hierdie vraestel NIE.) Analiseer en evalueer hierdie werk. Verwys na kunselemente, styl, materiaal gebruik en die geïmpliseerde betekenis van die werk. (8)


**[20]**

**Woordelys:**


**Oorsig:** 'n Getabelleerde (getelde) of woordstudie of seleksie van menings oor 'n onderwerp, of 'n breë, veralgemeende versameling feite of idees. Die regering doen byvoorbeeld 'n oorsig om uit te vind hoeveel seuns of meisies daar in enige enkele ouderdomsgroep is, sodat hulle die groter prentjie kan hê van die bevolking. 'n Oorsigtelike opstel gaan nie diep in besonderhede in nie. Dit verwys na kuns en kunstenaars in die breë opset, om die groot oorhoofse prentjie weer te gee.



FIGUUR 6a: Jackson Pollock, ***Blue Poles***, 1952.




FIGUUR 6b: James Rosenquist, **F111**, 1965.




FIGUUR 6c. V. Vaserely, ***Vega Nor***, olieverf op doek, 1969.



FIGUUR 6d: Chuck Close, ***Linda***, 1976.



FIGUUR 6e: Johann Louw. ***Donker Profiel Regs***, olieverf, 2002.

## VRAAG 7: NUWE MEDIA


7.1 Verwys na FIGUUR 7a en 7c. Lewer analitiese kommentaar oor die kunstenaars se gebruik van media en die omgewing in hierdie twee kunswerke. Sluit af deur aan te dui wat jy dink die boodskappe is. (6)

7.2 Die werk van Kendall Geers in FIGUUR 7b toon ’n skakel met die Dada beweging. Definieer wat jy sien as die skakel met Dada in FIGUUR 7b, en bespreek die betekenis van hierdie werk in ’n globale wêreld van die laaste paar dekades. (3)


7.3 Kies enige TWEE werke wat jy bestudeer het in die afdeling van nuwe media en vergelyk die werke, aan die hand van die volgende kriteria:

- Hoe die titels die kyker ondersteun, of mislei in die begrip van die werk
- Keuses van media en die effek hiervan op die betekenisse van die werke
- Hoe kleur en patroon/of tekstuur ’n rol speel in die harmonie van die werk (11)

**[20]**



FIGUUR 7a: Arman, ***Langtermyn Parkering***, 1982.



FIGUUR 7b: Kendall Geers, ***Bloedige Hel,*** 1990.



FIGUUR 7c: Strydom van der Merwe, ***Eike in Dorpstraat, Stellenbosch. 30 dae in Julie,*** 2008.

## VRAAG 8: DIE KUNSWÊRELD

8.1 Die eerste vier werke wat in hierdie vraag vertoon word, is deur Suid-Afrikaanse kunstenaars. Bespreek en analiseer in ’n opstel van nie langer as een en ’n halwe bladsye nie, hierdie werke van FIGUUR 8a, b, c en d en besin oor Suid-Afrika se sterk en swak punte. Skenk aandag aan kunselemente, style, onderwerpmateriaal en media. (10)


8.2 Verwys na FIGUUR 8e. Lewer kommentaar oor hoe hierdie werk deur Hirst die kunswêreld van vandag weerspieël. Jy mag verwysings na kunsmarkte, keuse van materiaal en kostes insluit. (3)

8.3 Kies EEN werk deur enige kunstenaar wat jy bestudeer het en skryf ’n bondige paragraaf oor die onderwerpmateriaal, komposisie en betekenis van hierdie werk. (7)

**[20]**



FIGUUR 8a: William Kentridge, ***Toneel van Felix Reeks***, Circa 2000.



FIGUUR 8b: Kentridge, ***Tekening vir "Il Sole*,"** Datum onbekend.



FIGUUR 8c: Brett Murray, ***I love Africa***, Datum onbekend.




FIGUUR 8d: Faith 47, ***Muurskildering in Blikkiesdorp**,* 2009.



FIGUUR 8e: Damian Hirst, ***Goue Kalf***, 2008/9.

**TOTAAL: 100**

sapapers.co.za

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2013

# VISUELE KUNSTE V1
# MEMORANDUM

**PUNTE:** **100**

Hierdie memorandum bestaan uit 14 bladsye.

## VRAAG 1: OORSIG VAN DIE 19^DE EEU

1.1 Die styl van FIGUUR 1a is ŉ kruis tussen Romantisisme, Klassisisme en Realisme. Dit is Romanties as gevolg van die onderwerpmateriaal van die dramatiese lug en die steierende perd wat die komposisie so sentraal domineer en die diagonale/leunende komposisie van die rots, gesien vanuit ŉ lae oogpunt. Dit is Realisties in die akkurate proporsies en verfstyl, waar drapering, rotse, sneeu en lug akkuraat, byna fotografies en glad in besonderhede weergegee is.

Die styl van FIGUUR 1b is Realisme, as gevolg van die alledaagse, gewone onderwerpmateriaal en as gevolg van die gladde, akkurate wyse waarop alle aspekte van die skildery gelewer is. (4)

1.2 Die **onderwerpmateriaal** van FIGUUR 1a is die figuur van Napoleon Bonaparte op ŉ steierende perd, op ŉ rotsagtige helling, in winter. Dit is ŉ hoogs dramaties stel beelde, teenoor die onderwerpmateriaal van FIGUUR 1b wat drie maaiers weergee, besig om die laaste van die oes op te tel, met hooimiedens en die dorpie se geboue in die agtergrond. Dit is ŉ veel meer landelike toneel as die eerste werk. Beide hierdie twee werke toon ŉ fassinering met als wat romanties is en hoe kunstenaars die natuur op ŉ dramatiese wyse weergegee het om natuurwonders te verhef en te prys, asook die mag van die mens. Hoewel daar in die tweede werk wegbeweeg word van die drama en romantiek, na die gewone en alledaagse, weergegee met eerlikheid en sonder trompetgeskal en dit dui op ŉ meer realistiese benadering. Die tweede werk toon ŉ eenvoudige toneel; die landelike aard daarvan en die sagter, natuurlike kleure wys alles na die latere rigting weg van drama en romantiek.

Die **komposisionele rangskikkings** van Napoleon op sy steierende perd, is sentraal en oorgroot vir die ruimte van die formaat. Dit, saam met die diagonale en skuins helling van die rots, verleen aan die werk ŉ dramatiese en sensasionele kwaliteit. In die tweede werk is daar ŉ veel meer tradisionele en horisontale plasing van vorme, wat aan die werk ŉ stewige, selfs vervelige kwaliteit verleen. Dit is eie aan die konserwatiewe aard van Realisme.

Die **politieke boodskap** van Napoleon op sy perd, wys die vurige, dominante kwaliteit van die leier en inspireer tot groot verwondering en respek, waar hy op die verraderlike helling steier. Daar is geen oorhoofse politieke boodskap in FIGUUR 1b nie, en hier word die boodskap oorgedra deur die geboë rûe van die nederige werkers, die swaarheid van hulle arbeid en die droewige kleure van die algehele werk.

**Sosiaal-gewys** lig die tweede werk die gesteldheid van werkers in landerye uit en die sleur van harde fisiese arbeid, waar die werk oor Napoleon onderskeid maak tussen gewone mense en magtige militêre leiers, asof hierdie leiers soos gode is waarna die kyker behoort op te sien. (6)

1.3 Die werk in FIGUUR 1c is Realisties in styl en is soortgelyk tot die werke gedoen deur die Realiste van die 19de eeu. Die kyker sien die nougesette aandag aan besonderhede in die skakering en vorms van die gesig en die eerlikheid waarmee die man uitgebeeld is. (2)

1.4 Die kandidate moet EEN kunstenaar wat hul bestudeer het van die 1800's kies en 'n opstel skryf van ongeveer een tot een en 'n halwe bladsye oor een of twee werke deur hierdie kunstenaar. Kandidate moet die name van die kunstenaar en werk/e in sluit asook onderwerpmateriaal en hoe dit 'n boodskap weergee wat relevant is tot die 19deeeu. Hulle moet ook sinvolle kommentaar insluit oor kunselemente en wat dit bydra tot die werk. Laastens moet die kandidate die werk/e evalueer en ook oor hoe die werk/e die gang van kuns beïnvloed het. (8)

**[20]**

## VRAAG 2: GEBOORTE VAN MODERNISME

2.1 SEURAT se _Jong Vrou wat haarself Poeier_ toon 'n radikale wegbreek van die werke van die 19de eeu, want eerstens handel dit oor 'n intieme onderwerp, van die meisie in haar kamer. Hierdie belangstelling in alledaagse dinge van 'n persoonlike en intieme aard, was nuut. Wat ook 'n nuwe rigting is, die styl waarin die werk gedoen is, naamlik pointillisme, waar afsonderlike kolletjies of baie kort kwashale die totale veld van die werk uitmaak. Die oog doen die optiese vermenging van die afsonderlike gekleurde kolletjies. Hierdie flikkerende, gebroke kwashaal-styl is 'n gevolg van fotografie-studies, die studies in verband met lig en die prisma van lig en hoe lig gefragmenteer word deur die prisma. Hierdie pointillistiese styl neem die bevindinge tot 'n uiterste graad, om in die statiese kwaliteit van pointillisme tot uiting te kom. Dit is nie langer Realisme nie en die nuwer, meer intieme onderwerp-materiaal, is nie tradisioneel nie. (3)

2.2 Die analise van _Burgers van Calais_ begin moontlik met die algehele stoerheid van die manne, gegroepeer in die eenheid van solidariteit, na die besluit wat hulle gemaak het om hulself aan te bied vir die invallende Engelse in ruil vir die vryheid van die res van die bevolking van Calais. Hierdie gebeurtenis het plaasgevind in die 100-jarige oorlog tussen Engeland en Frankryk.

Die mees opvallende beeldende elemente is die ooglopende proporsies van die hande en koppe van die mans, daar dit groter en meer ekspressief is as in die vorige eras van beeldhou, waar realisme en klassisisme die orde was. Dit gee die werk 'n indruk van die gevoelswaarde van die gevoelvolle gebeure. Dit is 'n Impressionistiese stuk, want 'n mens sien die uitdrukkingsvolle gefassetteerde vlakke van hul klere, gesigte en hande, waar die lig op die oppervlakke speel op 'n flikkerende, gefragmenteerde wyse, wat tipies was van Impressionisme, waar die studie van lig en hoe dit oppervlakke affekteer, oorwegend was. Hierdie swaar verhoudinge voeg 'n atmosfeer van krag, mag en aangetrokkenheid toe, tot die werk.

Die soliede gedeeltes van die figure is visueel swaar en die feit dat hulle so na aan mekaar staan, met slegs die een groot leegte wat die hele groep in twee ongelyke stukke verdeel, suggereer 'n moontlike stryd tussen die manne, siende dat die feit van die opoffering van hul lewens vir hul naaste, nie 'n klein offer is nie, en kon wel verskillende emosionele reaksies tot gevolg gehad het ten tyde van die gebeure. Hoeke van arms, elmboë en skuins liggame, vorm 'n visueel dinamiese beeld.

Die kandidate mag verwys na ander beeldhou elemente, soos tekstuur, oorgangs-areas en die gebruik van brons as 'n materiaal, wat vorstelik is/uitstraling van mag het en dus geskik is vir so 'n werk. Aanvaar logiese en gestaafde analitiese kommentaar. (6)

2.3 Die kandidate moet beide FIGUUR 2c en FIGUUR 2d, asook twee ander werke kies vanuit die Modernistiese Periode. Hulle moet 'n opstel van twee bladsye skryf waarin hulle die volgende bespreek en evalueer: onderwerpmateriaal/ boodskappe asook kleur en lyn en hoe dit 'n nuwe benadering in kuns weerspieël.

In FIGUUR 2c is die onderwerpmateriaal 'n groep dames en meisies buitekant met sambrele. Die meisie regs hou 'n hoepelring. Die beknopte groep vroue, van naderby in 'n bondel gesien, laat geen ruimte vir die verre landskapbesonderhede nie en toon die oorvol stadslewe op 'n reënerige dag. Die dame met haar mandjie links voor, skep 'n direkte klempunt reg voor, wat buitengewone plasing is vir 'n fokus area. Dit verleen 'n onmiddellikheid aan die werk, tiperend van die Impressionistiese era. Die kleur van hierdie werk is somber blougryse en blou-swarte, maar het 'n rykheid van tone wat nie dof is nie. Die nuwe benadering tot kleur ten tyde van Impressionisme, was om lig weer te gee en die ligpunte op die rokke van hierdie vroue doen juis dit. Die hoeveelheid wit tinte in die blouerige swarte versag die algehele kleur. Kwasmerke is gebroke, tipies van Impressionisme en gee die werk 'n vloeiende, spontane kwaliteit. Aanvaar enige ander relevante kommentaar en evaluering.

In die tweede werk, "*Besonderhede van Selfportret*" deur van Gogh, is die onderwerpmateriaal slegs van sy gesig, waar die uitdrukking somber en uitdagend is. Die boodskap hier is sy emosionele versteurdheid. Kleure is warm en intens en dit gee ook die warmhartige geaardheid van die man weer en sy verlange na liefde en aanvaarding. Die lyne is almal gebroke, toon gemarteldheid en lê in aggressiewe jukstaplasing langs mekaar, wat aan die werk 'n uitdagende en versteurde kwaliteit verleen.

Die kandidate moet nou ook twee ander werke bespreek en evalueer. Aanvaar relevante en deeglik gestaafde kommentaar. (11)

**[20]**

## VRAAG 3: VROEË 20STE EEU

3.1 Kwashale en aanwending van verf moet bespreek word en hoe dit 'n nuwe wyse van reaksie tot die wêreld toon.

Matisse se *Oop Venster* het verlengde, gebroke kwashale, soos Kirchner se *Straattoneel in Berlyn*. Vantevore was verf aangewend in gladde, onsigbare hale, wat daaraan 'n realistiese voorkoms gegee het, teenoor die vroeë 1900's, die begeerte was vir 'n nuwe realiteit, 'n nuwe abstraksie van realiteit, wat mode was. Hierdie langer, meer ontspanne kwashale weerspieël 'n losser lewensstyl en groter begeerte vir 'n prettiger lewensstyl. Kunstenaars het die verveling met die ou tradisionele kunsskool weergegee. Die swaarkry as gevolg van die Industriële Rewolusie en die verandering van landbou-lewensstyl tot 'n stedelike een, het vele families minder welaf gelaat. Daar was ook 'n nuwe opgewondenheid oor wat stede aan te bied gehad het en die bekoring van teaters, gesofistikeerde winkels en van vroue wat nou onafhanklik deel van besighede/werk sektor word, teenoor die 1800's toe hulle nie deel was van die ekonomie van hul lande op so 'n invloedryke wyse nie.

Die aanwending van verf in beide werke is ontspanne, dik en los, met geen gemoduleerde toonwaarde-besonderhede nie. Dit toon die informele reaksie tot die lewe, die begeerte na doodgewone alledaagse lewe, met groter lof vir meer publieke vryheid, bewusmaking van die wenslikheid van stadslewe en wat dit aan te bied gehad het. Die kleure is juksta-geplaas, rofweg oorgelê en daar is rou energie wat tipies is van hierdie nuwe 20ste eeu, waar industrie en tegnologie besig was om teen 'n vinnige pas uit te brei. (4)

3.2 Die komposisie van Kandinsky se *Komposisie V* van FIGUUR 3c, is 'n onverskillige een, waar abstrakte lynerige vorms, kurwes en kolle willekeurig gerangskik is, met geen ooglopende klem-groepering hoegenaamd nie. Dit gee die werk 'n spontane en selfs spirituele aard, waar die "musiek" of "ritme" van die vorms lê in die ontspanne harmonie. Kandinsky het dikwels saam met musiek geskilder en hierdie organiese vorms lê in 'n meer opeenhopende saamwees bo-aan die komposisie, met die laer helfte minder beset en meer oop, moontlik suggestief van musikale klanke, met die sterk lyn as die oorgelegde "klank", wat 'n musikale komposisie domineer. Die groot dominante lyn wat rondom in die formaat 'n lus vorm en dien tot uitlig van die kleiner agtergrondvorms en lei die oog rond in die komposisie.

'n Boodskap wat 'n mens moontlik mag aflei uit hierdie werk en sy komposisie, is een waar die boonste helfte die intellektuele proses suggereer, die spirituele reaksie, die reaksie tot lewe, of tot 'n stimulus, soos musiek en hoe dit 'n mens op 'n ontspanne verstandelike en visuele reis neem terwyl 'n mens die lyne en vorms bekyk soos hulle lusse vorm en rus in die formaat.

Aanvaar duidelike, gestaafde boodskappe wat 'n kyker uit hierdie werk mag kry.

Die kandidate moet SLEGS komposisie bespreek, NIE kleur NIE, behalwe as dit komposisie beskryf en analiseer hoe kleur die willekeurige en los struktuur van die werk beskryf. (4)

3.3 Die werk deur Picasso in FIGUUR 3d behoort tot die analitiese fase van Kubisme. Hierdie fase is gekarakteriseer deur ’n beperkte kleurpalet, te sien in die gryse en room-kleure van die werk en deur die byna totale abstrakte, geometriese vorms, waar alle vorms abstrak tot geometriese vlakke herlei is. Die sentraalgeplaasde fokus-area in die vertikale veld van die formaat, is ook ’n kenmerkende eienskap van die fase, soos ook die gebruik van verkorte netjiese lyne om die raamwerkagtige struktuur van die oorhoofse komposisie af te merk. (3)

3.4 Die kandidate moet ’n opstel skryf van een en ’n halwe bladsye oor twee kunswerke wat bestudeer is van die VROEË 20^STE^ EEUSE KUNS. Hulle mag die werk in FIGUUR 3e gebruik, maar hulle hoef nie.

Hulle moet kommentaar lewer oor:

* Watter historiese of sosiale gebeure die werke geïnspireer het
* Die opvallende elemente van kuns en hoe dit Modernisme weerspieël
* Onderwerpmateriaal en boodskappe

Aanvaar goeie kommentaar met duidelike skakels tot Modernisme, <u>nie slegs beskrywing nie</u>. (9)

**[20]**

## VRAAG 4: ARGITEKTUUR

4.1 Die kandidate moet vergelyk. Verwys na vorms en die estetiese hiervan en na materiaal en hoe dit met die natuur skakel al dan nie.

In FIGUUR 4a, is die Burj al Arab gevorm soos die spinnaker seil van ŉ seilboot, met die lang vertikale skag die mas van die boot. Dit lê buite op die oseaan, gebou op ŉ mensgemaakte eiland, met die voorkoms van ŉ majestueuse seilboot buite in die baai van Dubai. Hierdie is ŉ postmodernistiese gebou waar argitekte na die natuur gekyk het vir metaforiese inspirasie vir die vorms van die gebou. Die Kaufmann-huis aan die anderkant is geheel en al gevorm uit horisontale en vertikale, tipies van die Internasionale Modernistiese styl, waar eenvoud en reguit lyne oorheersend was. Hierdie dik horisontale afdelings, wat vrydraend uitsteek by die vertikale van die mure en vensters, skep ŉ swaar aansienlike kwaliteit, wat anders is as die gepunte, prettiger vorm van die Burj. Die Kaufmann-huis staan oor die waterval en rivier op ŉ stewige bed van soliede rots en is daarom baie verskillend van die ligtheid van die Burj al Arab, wat oënskynlik op die water dryf.

Die materiaal van die Burj al Arab Hotel is nie buitengewoon nie, behalwe die wit van die geribde deel van die seil, binne die metaalkurwe van die buitelyn van die spinnaker seil-gedeelte, links soos ŉ mens na die illustrasie kyk. Dit is die wit paneel wat aan die hotel die pragtige en moderne voorkoms verleen, teenoor die gebruikmaking van natuurlike klip om die vertikale skoorsteen van die Kaufmann Huis te konstrueer, op die terrein gemyn in opdrag van die argitek, wat hierdie gebou baie nou verbind met die omringende rotse en natuur. Die Kaufmann Huis het ook rou beton op die horisontale afdelings, wat verouder het en natuurlik en meer soos grond voorkom as wat ŉ nuut geverfde oppervlak sou wees. Die twee geboue is verskillend daarin dat die Burj vlugtig (hemels) is, as gevolg van die ligte kleure van materiaal, terwyl die Kaufmann aards is as gevolg van die klip en versinkte vensters wat nie veel lig weerkaats na die buite dele van die gebou nie. (5)

4.2 Antonio Gaudi se Casa Batlo is ŉ voorbeeld van Art Nouveau argitektuur. Die beweging in die 1920's het van seningrige kurwes en blomversiering gebruik gemaak. Dit was ŉ vroulike beweging en die kenmerke van hierdie woonstelblok is buitengewoon in die hantering van vensters. Die kurwes omring by elke venster en die feit dat al die vensters oor die totale oppervlak verskillend hanteer is, gee aan die gebou ŉ golwende, energieke en vroulike kwaliteit. Sommige van die vensters is selfs gekurfd gevorm, wat ŉ verdere vroulike kwaliteit aan die geheel verleen. Die gebou as geheel beweeg in en uit soos ŉ brander, veroorsaak deur die gekurfde uitsteeksels soos ŉ mens na die gebou kyk van links na regs. Die dakgedeelte van Casa Batlo het klein dakvensters wat oor die dak oopmaak en dit versier hierdie gedeelte van die gebou en plaas dit nog meer in die dekoratiewe Art Nouveau Styl. Die hele oppervlak lyk soos ŉ kantstruktuur, baie pragtig en blomagtig. (4)

4.3 Verwys na FIGUUR 4e en 4f. Kandidate moet bespreek hoe EEN van die twee die grense van tradisionalisme verbreek.

**Die Kronkellyn Galery**, ontwerp deur Ito, in Kensington Tuine, Londen, breek die bande van tradisionalisme, want dit het geen oudmodiese vertikale buitemure nie. In plaas daarvan, het dit ŉ raamwerk van talle gekromde, wye pilare wat in verskeie rigtings leun en wat ŉ buite-skede vorm vir die binnekante van hierdie galery. Die hele oppervlak is wit geverf, wat hierdie Rekonstruksionistiese gebou ŉ mal, speelse aard gee en terselfdertyd lyk dit skoon, samehangend en uitdagend– ŉ uitnodiging om die binnekante agter die raamwerk van leunende kolomme, te ondersoek. T radisionele kolomme sou vertikaal gestaan het en nou toon hierdie skewes die kontemporêre etiek.

**OF**

**Die Diamant-Gebou**, ontwerp deur Jahn, in Johannesburg, is ŉ voorbeeld van Laat-Modernisme. Die steil fassade en die blink, nat voorkoms van die mure met die glas, toon die meer onlangse begeerte om geboue die stadsomgewing te laat reflekteer en om nie die tradisionele kanon te volg van slegs vertikale en horisontale nie. Hierdie ontwerp het rondgespeel met die soliede, onversierde blok van die Modernistiese styl en die resultaat is ŉ meer dinamiese eksterne voorkoms as die tradisionele argitektuur.
Aanvaar logiese en gestaafde kommentaar. (4)

4.4 Die kandidate moet EEN gebou kies wat hy/sy bestudeer het en moet die struktuur daarvan evalueer met verwysing na die volgende kriteria:

- Benoem die gebou en die argitek
- Doel van die gebou
- Hoofsaaklike ontwerpvorms van die gebou
- Materiale aangewend en hoe dit die nuwe omgewings-vriendelike neiging in argitektuur weerspieël (of nie) (7)

**[20]**

## VRAAG 5: TUSSEN DIE WÊRELDOORLOË

5.1 Die kandidate moet 'n opstel skryf oor die drie werke in FIGUUR 5a, 5b en 5c, tesame met nie meer as drie ander werke nie, wat die stand van sake van die Europese wêreld van die geskiedkundige tyd toon.
Kuns tussen die twee wêreldoorloë het die voortgesette opkoms van Dada en Surrealisme gesien, die ondersoek van die onderbewuste, 'n toename in die neiging tot abstraksie en die gebruik van afbeelding wat diep persoonlik was en dikwels onverstaanbaar vir die gewone kyker is. Jean Miro se _Harlekyn se Karnaval_ is 'n werk van die Biomorfiese vleuel van Surrealisme en toon 'n versameling van plat gekleurde beelde wat wissel van katte en honde, slange, tafels, vensters tot snoekerstokke en dobbelstene, gedoen in 'n hoogs gestileerde styl, met vorms ernstig vereenvoudig tot kinderlike beelde. Die mengelmoes van skynbaar gedistansieerde beelde, is versamel binne 'n interieur, waar die tafel, die vloer en die venster dit anker tot 'n sekere graad van normaliteit. Die wiskundige vorms, die klein lyntjies wat die beelde visueel verbind in 'n losse harmonie en die herhaling van primêre kleure, verwerk met plat aanwending en harde rande, dui 'n wêreld aan van ontsnapping van realiteit. Die werk is speels en maak 'n stelling van die wêreld wat "mal geword het" op 'n humoristiese wyse.
Aanvaar relevante interpretasie en kommentaar.

Rene Magritte se _Dreigende Sluipmoordenaar_ is ook 'n Surrealistiese werk, wat die nagmerriewêreld van drome toon, asook onderbewuste vrese. Stilisties volg die werk die Magiese Realisme styl van Surrealisme, waar vorms op 'n realistiese wyse gedoen is en kleure kras, selfs wrang is soos te sien in die swarte en die ruwe geel van die grammofoon-luidspreker. Freud-sielkunde en die broosheid en ingewikkeldhede van die mens se psige was nog baie interessant vir die samelewing tussen die oorloë en hierdie werk spreek tot die onlogiese moontlikhede van die menslike gedagtes, die vrees vir dood, onderdrukte seksuele drange en die toestand van bevangenheid in 'n mens se eie vrese. Die manne met hul pakke en bolhoede verwys skynbaar na besigheidsmense of manne in amptelike gesagsposisies en hul is skynbaar die geweldplegers in hierdie werk, terwyl die naakte vrou op die bed kwesbaar is in die teenwoordigheid van al die manlikes in die werk. Die boodskap is hier een van vermomde geweld en die vroulike aan die ontvangkant van die geweld.

Die Suid-Afrikaanse Alexis Preller, het ook in die Surrealistiese neiging gewerk. Die werk _Simbole op 'n Strand_ toon dieselfde losse komposisionele stel beelde wat tipies is van die onwerklike wêreld van drome. Die verwronge strand, wat aan elke kant van die kyker wegkrul en die stormagtige lug, is tipiese kenmerke van Surrealisme. Die vreemde ontblote skulp links, die stokagtige vorms wat die menslike figuur in die middel deurboor en die kransrand in die linkerhoek onder, spreek alles van 'n wêreld in krisis, wat waar was in die dekades tussen 1914 en 1945. (Die stokagtige vorms, wat die mens deurboor, mag verwys word na Hieronymous Bosch in die 1400's.)

In bykans alle kuns gedoen tussen die oorloë, is ʼn kranksinnige wêreld getoon, waar die onderbewuste vrese en begeertes na vore gebring is, ʼn wêreld waar tegnologie en industriële nuwighede die daaglikse lewe baie anders en gemakliker, maar ook duurder gemaak het. Dit was ʼn wêreld van toenemende sabotasie, toenemende ekonomiese handel, toenemende misdaad en toenemende gesofistikeerdheid.

**Kandidate moet ook drie ander werke bespreek,** met die algehele neiging van hoe die werke die wêreld wys tussen die twee oorloë. Die werke hoef nie slegs Surrealistiese werke te wees nie.

Aanvaar relevante en gestaafde en logiese bespreking. **[20]**

## VRAAG 6: OORSIG VAN POST-1946

6.1 Die kandidaat moet ʼn **oorsigtelike** opstel skryf oor drie of meer van die geïllustreerde werke, met verwysing na nuwe bewegings en wat die opkoms daarvan veroorsaak het, hoe onderwerpmateriaal nuwe rigtings ingeslaan het en hoe die boodskappe met die nuwe rigtings geassosieer het. Let op dat ʼn oorsigtelike opstel aandag skenk aan die algemene en nie soveel aan die spesifieke nie, maar die spesifieke mag ingesluit wees. (12 punte)

Jackson Pollock se *Blou Pale* is Abstrakte Ekspressionisme.
James Rosenquist se *F111* is Pop Kuns
Victor Vasarely se *Vega Nor* is Kinetiese Kuns
Chuck Close se *Linda* is Super Realisme of Foto Realisme
Johann Louw se *Donker Profiel Regs* is Neo-Ekspressionisme, soos Duitse Ekspressionisme van die vroeë 1900's.

Abstrakte Ekspressionisme as ʼn beweging toon die verlange na ʼn spontane stroom van bewustelike tipe aanwending van krabbels en kolle, wat verwys na die onderbewuste staat van die gedagtes en emosies ten tyde van die werk. Die kunstenaar se behoefte om kuns te maak oor die self en die persoonlike reaksie tot die lewe en gebeurtenisse, was volop. Hierdie werke toon lae van spatsels in verskillende kleure, met geen werklike afbeelding hoegenaamd nie en die lae aanwendings lei tot die realiteit van die skildering self, wat die onderwerpmateriaal word. Dit was deel van die 20$^{ste}$ eeu se begeerte na abstraksie, interne verstandelike ondersoek en die ondersoek van die onderbewuste psige.

Kleure in hierdie beweging is gewoonlik somber, met werke in bykans monochromatiese voorkoms.

Popkuns het in Engeland begin in die 1950's en na Amerika versprei, waar dit eksponensiaal uitgebrei het. Kenmerke van popkuns sluit in onderwerpmateriaal oor objekte in verband met alledaagse lewe, soos hamburgers, vliegtuie, filmsterre, kos. Die werke was baie groot advertensiebord-mates – daar was dikwels veelvoudige beelde of een oorgrootte beeld.

Kunstenaars het gemengde media gebruik soos fotostate en syskermdrukwerk, helder kleure en ŉ hele aantal verskillende style, afhangende van die kunstenaar. Popkuns gee die moderne, populêre wêreld van kitskos, lugvaartkundige reis, rolprente en rolprentsterre en enige iets wat nuut/populêr was. Die kandidaat mag ook verwys na die strokiesboekstyl van popkuns, soos die werke deur Roy Lichtenstein.

Kinetiese Kuns is deel van die ernstige abstraksie van die 20$^{ste}$ eeu, maar is ook deel van die begeerte om die kyker te verwar, om die kyker te deurdrenk met die sien van die skildery, tot die punt waar die oog deur die beweging van lyne en vorms en gegradeerde kleure geaktiveer word, tot die punt waar dit voorkom asof die werk beweeg. Die industriële tegnologieë van motorkarre en rolprente wat die wêreld nou geproduseer het, opgang verleen aan hierdie beweging. Dit was ook beïnvloed deur die De Stijl en Bauhaus bewegings, wat gesentreerd was om die reguit lyn en Minimalisme van versiering. Aan die anderkant maak Kinetiese kuns gebruik van die kurwe of sfeer soos in die geïllustreerde werk, wat nie deel van die De Stijl of Bauhaus style was nie. Onderwerpmateriaal in Kinetiese kuns sluit blokke, lyne, sirkels of sfere in wat uitgestaan het.

Superrealisme of Foto-realisme het ontstaan as ŉ moderne vlaag van herhaling van die Realiste kunstenaars van die laat 1800's, soos Millet en Courbet. Die tegniese vaardigheid van hierdie nuwe beweging is duidelik in die nougesette besonderhede waar werk dikwels gedoen is op raamwerke, opgebou uit haarfyn besonderhede, sodat die eindproduk so werklik lyk soos ŉ foto. Dit is die kunstenaar se begeerte om tegniese vaardigheid te bewys, om met die kamera te wedywer, wat ŉ ander uitvinding van die 20$^{ste}$ eeu is. Kunstenaars het gepoog om tegnologie te ewenaar of te verbeter, om tegniese vaardigheid te bewys en om orde en struktuur te herwin en die onderwerpmateriaal wat hulle gekies het, gewoonlik portrette en tonele van die stedelike wêreld ingesluit.

Neo-ekspressionisme was ŉ ander moderne golf, gebou op die stylkenmerke en psigologiese/emosionele behoeftes van die kunstenaar en van die samelewing. Die beweging is ŉ moderne uitspruitsel van Duitse Ekspressionisme, wat dieselfde kenmerke van kragtige kwasmerke, losse en wilde verfaanwending, somber , vervuilde kleure, en onderwerpmateriaal wat pyn/woede/harde lewenswerklikhede toon. Hierdie eienskappe word alles gesien in die werk deur Louw. Die onderwerpmateriaal verwys na ŉ pyngevulde wêreld en individue wat deur die wêreld "getraumatiseerd" is.

Die kandidaat moet minstens drie van die vyf geïllustreerde werke gebruik, maar hy/sy mag ook ander voorbeelde gebruik. Volpunte kan nie gegee word as slegs een of twee bewegings bespreek is nie. Daar moet ŉ minimum van drie bewegings bespreek word. (12)

6.2 Die kandidate moet EEN werk kies wat volgens hul menings ŉ dapper en moderne weergawe van die post-1946 wêreld is.
Hierdie is ŉ analise- en evaluerings-antwoord.
Hulle moet verwys na kunselemente, styl, materiale aangewend en betekenisse. (8)

**[20]**

## VRAAG 7: NUWE MEDIA

7.1 Die kandidate moet verwys na FIGUUR 7a en 7c.
Media, omgewing en boodskap is die kern van hierdie vraag. Arman se *Langtermyn Parkering* is gemaak van werklike motors, in beton gemessel en hierdie werk is in ŉ park geplaas. Die oorgroot aard van die werk, die koste van die gebruik van werklike motors, selfs al was hul bestem vir die skrootwerf, asook die humor van die konsep van langtermyn parkering in sement, lewer kommentaar op die vermorsings samelewings van die wêreld. Dit lewer ook kommentaar oor wat die mensdom beskou as geskik te wees vir monumente van die moderne wêreld. Daar is geen beroemde figuur in hierdie werk nie, maar plaas verbruiking en motor-tegnologie op ŉ staander. Die buitepark is nou ŉ begraafplaas as herinnering vir die mens se begeerte na hierdie simbool van rykdom.
Aanvaar logiese vertolkings.

Strydom van der Merwe se *Eike in Dorpstraat* het eenvoudige rooi lap gebruik om al om die boomstamme te draai in ŉ straat in Stellenbosch. Dit is deel van die stadsomgewing en hierdie betreding deur die kunstenaar van publieke ruimtes het deel geword van die moderne kunswêreld. Die kleur rooi, dien as die herinnering of waarskuwing aan mense oor bewaring en kosbaarheid van bome. Dit spreek van liefde vir die natuur, van passie van skouspel/feeste in strate en van vreugde. Dit is ŉ positiewe werk met ŉ ernstige boodskap oor ons omgewing en die beskerming daarvan.
Aanvaar enige relevante of logiese kommentaar met stawing. (6)

7.2 Definieer die skakel van Kendall Geërs se werk met Dada en die betekenis daarvan in ŉ geglobaliseerde wêreld.
Dada kunstenaars het ten doel gehad om te skok. Dada-kunstenaars het buitengewone media gebruik, dikwels van afvalhope, om hul stellings te maak. In hierdie werk deur Geërs, ŉ gesig geskend deur bloed, het Geërs werklike bloed gebruik op ŉ werklike mens en die onmiddellikheid van fotografie en die werklike bloedigheid van hierdie werk gee dit skokwaarde. Ons geglobaliseerde wêreld het alle mense onmiddellike toegang toegelaat tot goed en kwaad. Dit is ŉ wêreld waar alle mense geskend word deur die negatiewe en die slegte. Die trauma is universeel en hierdie gesig, genoem *Bloedige Hel*, word gesien op twee vlakke – eerstens as die vloek "bloody hell", wat universeel die betekenis het van ŉ woede uitdrukking, asook berou is oor dinge wat verkeerd geloop het, en tweedens sê Geërs moontlik dat hierdie kop verteenwoordigend is van mense wat op ŉ vervloekte aarde woon, waar oorlog, bloedvergieting en bloedige gedagtes algemeen is. Geërs, as ŉ Suid-Afrikaner, mag sy reaksie tot ons Suid-Afrikaanse probleme, polities, sosiaal of ekonomies aanspreek.
Aanvaar relevante definisie met stawing. (3)

7.3 Kandidate moet TWEE werke kies wat onder Nuwe Media bestudeer is en hulle vergelyk.

Die volgende kriteria moet gebruik word:

- Hoe benamings insig in die werk ondersteun al dan nie
- Media keuses en hoe dit betekenisse/boodskappe toon
- Hoe kleur, patroon, tekstuur ’n rol speel in die harmonie van die werk
- KANDIDATE MOET BEIDE WERKE PUNT-VIR-PUNT VERGELYK. (11)

**[20]**

## VRAAG 8: DIE KUNSWÊRELD

8.1 Bespreek en analiseer die eerste vier werke.

(a) Kentridge se *Toneel van die Felix-reeks* teken die individu wat in water verdrink, binne ’n gebou. Die introspeksie van die figuur waar hy afkyk na waar die water styg tot by sy knieë en waar water vloei uit die sak oor sy hart geplaas, spreek van die diep trauma van die individu in ’n land waar daar gebrek is aan vrede, ’n gebrek aan regverdigheid, ’n vervloë geskiedenis van strafbaarheid vanuit ’n sosiale perspektief en ’n gebrek aan ’n politieke wil om sake reg te stel. Kentridge lewer intelligente kommentaar oor die self-gesentreerdheid van die mens, die skuldlas in die mens en in die besonder oor die mensdom in Suid-Afrika en hoe dit lei tot vernietiging en pyn in ons werklikheid. Die feit dat water by die kaggel inkom binnekant die huis, maak ’n kragtige stelling deur Kentridge oor hoe die foute van ons gemeenskap ons in ons persoonlike ruimtes affekteer. Kleur is die mees opvallende element in hierdie werk, waar die swarte, gryse en bloue almal somber en doods lyk en bydra tot die atmosfeer van rampspoed. Die skoon blou is spiritueel in kleur en verleen verdere betekenis aan die verstandelike/spirituele drange by die mens om weergebore te word, om reiniging te ontvang. Aanvaar relevante en gestaafde stellings.

(b) Sy tweede werk, *Tekening vir “11 Sole”* toon ’n ekspressief getekende paar bene wat ’n sfeer dra, baie soos die afbeelding van die tradisionele/geskiedkundige Atlas wat die wêreld op sy skouers dra. Dit kan gesien word as ’n boodskap aan die wêreld oor die pyn van die dra aan die misdade van die verlede in Suid-Afrikaanse politiek en maatskaplike geskiedenis en die effek wat dit op ons land gehad het. Die lynwerk is verflenterd en die verhouding van die baie groot sfeer op bene, toon die neerdrukkende gewig van die las. Die spykeragtige vorms wat in die sfeer gedruk is, herinner ’n mens aan pyniging, of selfs kruisiging, wat die pyn van Afrika koppel aan die meer universele pyn van martelaars. Die media van houtskool is ’n goedkoop en nederige een, baie soos die swart kunstenaars gebruik het voordat hulle toegang gehad het tot beter materiale en dit beklemtoon ook die donker aard van ons onvolmaakte land. Aanvaar logiese en gestaafde kommentaar.

(c) Brett Murray is ŉ satiriese kunstenaar wat daarvan hou om skimpskrif oor politieke figure en situasies wat in Suid-Afrika gebeur het, toe te pas. _In Ek bemin Afrika_ het hy ŉ strokieskarakter gebruik om skimpskrif te bring oor onbeheerste seksualiteit, soos deur talle Suid-Afrikaners uitgeleef. Die strokieskarakter-styl is ŉ sterk visuele sleutel tot die kunstenaar se houding van dubbelsinnigheid; aan die een kant het hy regtig Afrika lief en aan die ander kant verkleineer hy aspekte van die land, moontlik omdat hy so ontnugter is oor ons onlangse geskiedenis. Die beroemde Bart Simpson karakter is ŉ komiese een, wat in die TV-program deftig geklee is en vir goeie waardes staan. Hier het Murray geen klere bygevoeg nie, wat die man verswak en verwyf, en die erekte seksorgaan, met hande op die heupe, maak die karakter verspot. Die werk is humoristies, maar ŉ ernstige aanmaning oor menslike swakhede en in Suid-Afrika in die besonder, soos deur die benaming aangedui. Die medium is verf, so daarin is geen duidelike boodskap nie.

(d) Faith 47 se muurskildery in Blikkiesdorp het woorde soos: "Land, Geloof, Kos, Vrede, Brood, Behuising, Geregtigheid", skuins in oudmodiese font geskryf, in Eurosentriese karakter. Die delikate skrif teen die gebreekte, geroeste pondok in die ghetto, vorm ŉ skerp kontras wat die gaping tussen die "wat het" en die "wat nie-het nie" in Suid-Afrika uitlig. Dit is ŉ aanmaning wat by ŉ mens spook oor al die dinge wat so baie mense nie het nie en die onregverdigheid hiervan. Kleure is verdof en die swart skrif praat saggies en duidelik. Die medium van die pondok-sink en die geverfde letters, vorm ŉ subtiele, maar kragtige kontras, wat die gebrek aan dienslewering en onpartydigheid in ons land uitlig. Aanvaar toepaslike en gestaafde kommentaar en analise. (10)

8.2 Kandidate moet verwys na kunsmarkte, materiale en kostes.
Damian Hirst se _Goue Kalf_, reflekteer die avant garde gedeelte van vandag se kunswêreld, eerstens in die ongewone keuse van materiale om die kunswerk van te maak. Dit ontspring uit die Dada beweging van die eerste helfte van die eeu, waar kunstenaars vreemde, alledaagse objekte gebruik het om kuns mee te maak. ŉ Werklike kalf, gepreserveer in formalien (formaldehied) en egte goud om horings te maak, toon die kunstenaar se soeke na nuwe media, of om die publiek te skok, of om die kyker te bekoor na die wêreld van ou simbole met nuwe betekenisse. Die plasing van hierdie objekte in die glas vertoonkas, skakel met Duchamp se Dada-werk genaamd, "*The Bride Stripped Bare by her Bachelors Even*", of "*Die Glaskas*". Hirst se werk het ons herinner aan die Christelike gemeste kalf, wat vir die Verlore Seun geoffer was by sy terugkeer na sy vader se huis, na jare se afwesigheid. Die prys van die werk is miljoene en ook aanduidend van die kunswêreld van vandag, daar kunstenaars borge vind om uitspattige werke te finansier en dit dan teen astronomiese pryse te verkoop. Hirst is een van die wêreld se hoogsbetaalde kunstenaars, met gebiedende syfers soos 30 of 40 miljoen rand. (3)

8.3 Kandidate moet skryf oor EEN bestudeerde werk, in ŉ bondige paragraaf, oor onderwerpmateriaal, komposisie en betekenis. (7)

**[20]**

**TOTAAL: 100**